Kaap

Vraag: Waar is die koning van Madura se graf/kramat in Suid-Afrika?	*Antwoord*: Robbeneiland.
Vraag: Noem van die historiese/interessante geboue in Adderleystraat, Kaapstad?	*Antwoord*: Groote Kerk; Slawehuis; Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese museum; Goue Akker Winkelsentrum; Spoorwegstasie – laasgenoemde is die suidelikste terminus van die Suid-Afrikaanse Spoornetwerk.
Vraag: Hierdie bergpas bevat snaakse/mooi rotsformasies, boesmantekeneninge, 'n graf van 'n Britse soldaat en die graf van C Louis Leipoldt. Wat is die pas se naam?	*Antwoord*: Pakhuispas.
Vraag: Hierdie piek is die hoogste in die Swartbergreeks, 2 326 meter. Die oorsprong van die naam is onbekend en verwys moontlik na die tydsduur wat dit geneem het om met 'n ossewa deur die poort in die berg te trek. Wat is die naam van die poort?	*Antwoord*: Seweweekspoort.
Vraag: In die middel van die Kompanjiestuine in Kaapstad staan vandag nog 'n struktuur wat gebruik is in die dae toe groente daar gekweek is. Wat is dit?	*Antwoord*: Slaweklok.

Vraag: As ons praat van Leerdam, Buuren, Nasau, Catzenellembogen en Oranje. Waarna word dan verwys?	*Antwoord*: Die Kasteel in Kaapstad.
Vraag: Willem van der Stel het ’n gastehuis in die Kompanjestuin gebou wat as ampswoning deur van sy opvolgers gebruik is. Wat is die naam van die huis en as wat word dit vandag gebruik?	*Antwoord*: Tuynhuis, ampswoning van die president van Suid-Afrika.
Vraag: Sir Frances Drake het na die deel van die Kaapse Skiereiland verwys as die mooiste deel in die hele wêreld. Wat is die naam van daardie deel?	*Antwoord*: Kaap van Goeie Hoop Natuurreservaat.
Vraag: Grootte Schuurlandgoed is deur Cecil John Rhodes aan die Suid-Afrikaanse volk bemaak. Vandag is daar bekende geboue op die landgoed. Noem ’n paar.	*Antwoord*: Rhodes gedenkteken; Universiteit van Kaapstad; Westbrook plus twee ampswonings en Dieretuin.
Vraag: Hierdie lagune is 16 x 4,5 kilometer groot en 6 meter diep. Die water se temperatuur is 10°C warmer as die aangrensende baai se water. Dit het ook die grootste oesterbegraafplaas (± 7 meter dik) in die wêreld. Wat is die naam.	*Antwoord*: Langebaan Lagune.

Vraag: Die hoofstraat van Kaapstad is Adderleystraat wat vernoem is na 'n Britse parlementslid. Wat het hy in 1850 gedoen wat daartoe aanleiding gegee het dat die straat na hom vernoem is?	*Antwoord*: Hy het die Britse opposisie gelei wat voorkom het dat die Kaap in ’n gevangenekolonie omskep is.
Vraag: Watter plek in die Kaapse Skiereiland het die eerste Engelse naam gekry?	*Antwoord*: Chapmansbaai.
Vraag: Watter dorp, na Kaapstad, is die tweede oudste, in Suid-Afrika?	*Antwoord*: Stellenbosch. Ook bekend as die Eikestad.
Vraag: Dit is nie seker hoe Leeukop aan sy naam gekom het nie. Daar is twee moontlikhede. Noem.	*Antwoord*: Die laaste leeu in die omgewing is daar geskiet. Of die kop met sy rug na Seinheuwel wat mens aan ’n leeu laat dink.
Vraag: Robbeneiland het ’n ryk geskiedenis en huisves ook die eerste van sy soort van wat langs die Suid-Afrikaanse kuslyn opgerig is. Hierdie een is vermoedelik in Jan van Riebeeck se tyd opgerig. Wat is dit?	*Antwoord*: Vuurtoring.

Vraag: Wat is ook uniek aan Heerenlogement? Die plek is op die roete wat Simon van der Stel gevolg het na Namakwaland. Dit was ’n oornagstaanplek.	*Antwoord*: ’n Wildevyeboom wat in 1737 daar gevind is, groei vandag nog.
Vraag: Aan die bopunt van Adderleystraat is die Kompanjiestuin wat 6 hektaar groot is. In die middel daarvan is daar ’n struktuur wat sedert die uitleg van die tuin nog steeds daar is. Wat is dit?	*Antwoord*: Slaweklok.
Vraag: Gedurende die 18de eeu het ’n gruwelike gebeurtenis by Hangklip, die oostelikste punt van Valsbaai, plaasgevind. Wat was dit?	*Antwoord*: Slawedrosters wat in die grotte in die berg skuilgehou het, het ’n groep beeswagters wat oor die Gaudauspas getrek het, vermoor en twee kinders ontvoer. Die drosters is opgespoor en 43 is doodgeskiet.
Vraag: Wat is die naam van die 400 meter hoë heuwel by Bredasdorp.	*Antwoord*: Preekstoel. Die naam van dorp se museum is Skipwrakmuseum.
Vraag: In 1796 is een van die land se eerste Windmeulens gebou. Dit meul staan op die Grootte Schuurlandgoed in Kaapstad. Wat is die meule se naam?	*Antwoord*: Mostert se Meule.

Vraag: Wat is die vorm van die posbus by die historiese Posboom (’n Melkboom) in Mosselbaai?	*Antwoord*: Die seevaarder se stewel.
Vraag: Die Hottentotnaam is Ankoerebis en die eerste wit persoon wat die plek in die Oranjerivier in 1775 gesien het, was Hendrik Wikar, ’n drostersoldaat. Vandag is daar ’n Nasionale Park. Wat is die naam van die park?	*Antwoord*: Augrabiesvalle Nasionale Park.
Vraag: Huursoldate het vir die Korana en Tlapin stamme geveg. Na beëindiging van die gevegte in 1882, het die huursoldate betaling in die vorm van plase gekry. Hulle het die blok grond as ’n republiek verklaar en dit die naam gegee van ’n komeet wat toe sigbaar was. Wat is die naam?	*Antwoord*: Stellaland.
Vraag: Die dorpie lê teen Kantienkoppie waar sendelinge aanduidings van vroeë prehistoriese bewoning gevind het. Klipdrif in die Vaalrivier is hier en in die dae van diamantdelwerye het die delwers die dorp as republiek verklaar en ’n eie president gekies. Van watter dorp praat ons?	*Antwoord*: Barkley-Wes.
Vraag: Die dorp se naam beteken in Nama “Die water agter die heuwel”. ’n Smalspoor lokomotief, genaamd Clara, staan nou in die dorp as tekenend van vervloë dae. Watter dorp is dit?	*Antwoord*: Nababeep.

Vraag: Naby Mafikeng is ’n gat van ± 100 meter diep en 70 meter wyd. Dit is ’n sinkgat gevul met water. Wat is die naam van die gat?	*Antwoord*: Wondergat. (Volgens oorlewering het Mzilikazi die gat vir teregstellings gebruik)
Vraag: Wat is die naam van die hoofstad van die destydse Stellaland?	*Antwoord*: Vryburg.
Vraag: Spandoukop en die Vallei van Verlatenheid lê teen die dorp. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Graaff Reinet.
Vraag: Wat is die naam van die eerste dam – die wal is 12 meter hoog en 600 meter lank – wat in die Oranjerivier gebou is met die oog op besproeiing en vloedbeheer?	*Antwoord*: Boegoebergdam.
Vraag: Generaal de Wet is gedurende die Anglo Boere Ooorlog vasgekeer waar die Brak- en Oranjerivier saamkom (terloops, De Wet het ontsnap.) Dit is net noord van die dorp waarvan die Hottentotnaam beteken: “Waar die bok weggeraak het”. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Prieska.

Vraag: Die Hottentotbendeleier met die naam Klaas is saam met sy bende by hul blyplek Waterfontein doodgeskiet. 'n Sendingstasie is toe by die fontein gestig wat later tot 'n dorp ontwikkel het. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Pofadder.
Vraag: Wat is die naam van die enigste bergwoestyn in Suid-Afrika?	*Antwoord*: Richtersveld.
Vraag: Waar is die sogenaamde Brulsandduine?	*Antwoord*: Naby Kuruman, aan die westekant van die Langberge.
Vraag: Waarom was Alexanderbaai vir 50 jaar, van 1876 tot 1926, nie in gebruik nie.	*Antwoord*: 'n Smal spoorlyn is na Port Nolloth gebou om die koper van O'Kiep en Nababeep te vervoer.
Vraag: Hondeklipbaai was eers vir die uitvoer van koper gebruik. Vandag is dit 'n vissershawe vir veral kreef. Hoe het die baai aan sy naam gekom?	*Antwoord*: 'n Rots by die baai wat soos 'n hond lyk, het tot die naam gelei.

Vraag: Hierdie dorp het twee uitstaande kenmerke. ’n 1 067 meter lange treinbrug en ’n 1 065 meter lange dadelboomlaan. Wat is die naam van daardie dorp?	*Antwoord*: Upington.
Vraag: Hoe het Hotazel aan sy naam gekom?	*Antwoord*: Opmeters wat besig was met die uitlê van ’n spoorlyn, het ’n partytjie gehou wat deurnag geduur het. Dit was die grootste ervaring van hulle werk en spottenderwys verwys hulle toe daarna as Hotazel. Die naam het gevestig geraak.
Vraag: Hoe het Alexanderbaai ontstaan?	*Antwoord*: James Alexander het koper op barkasse (soort boot) op die Oranjerivier tot by die mond vervoer en daar op skepe gelaai. Hy noem toe die baai Alexanderbaai.
Vraag: Die hawedorp was vir 68 jaar die uitvoerhawe van koper. ’n Smal spoorlyn het die hawe met die kopermyne verbind, maar weens ’n gebrek aan varswater vir huishoudelike- en treingebruik, het die hawe, wat eers bekend was as Robbebaai, in onbruik geraak. Wat is die dorp se naam vandag?	*Antwoord*: Port Nolloth.
Vraag: In 1868 is 50 polisiemanne gestuur om ’n klomp veediewe wat langs die Hartebeesrivier hul blyplek gehad het, vas te trek. Vandag is dit ’n klein afgesonderde dorpie. Daar is ook ’n klein kokerboomwoud buite die dorp. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Kenhardt.

Vraag: Een van die grootste kopermyne in Namakwaland se naam is ontleed uit die Namawoord wat "Groot Brakfontein" beteken. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: O'Kiep. Die Nama woord is Ugieb
Vraag: Naby watter dorp vind mens Simon van der Stel se prospekteerskag, asook die kopersmeltoond wat in 1866 gebou is?	*Antwoord*: Springbok.
Vraag: Hoe het Kamieskroon ontstaan?	*Antwoord*: Die kerk, polisiestasie, skool, winkels en ook huise is daarheen verskuif. Bowesdorp, waar hulle aanvanklik was, was in 'n kloof geleë wat uitbreiding onmoontlik gemaak het.
Vraag: 'n Steenpiramiede is op Trappieskoppie deur die eerste magistraat van die dorp gebou – die naam is gegee omdat trappies na die kruin van die koppie lei. Wat is die naam van die dorp waarin die koppie is?	*Antwoord*: Hanover.
Vraag: Die dorp was eers die plaas waar groente vir Kimberley se delwerye gekweek is totdat diamante daar ontdek en 'n dorp gestig is. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Warrenton. (Tot onlangs was die watermeule wat water uit die Vaalrivier gehaal het vir die groentetuine nog in werking. Dit is nou verwyder.)

Vraag: Watter dorp is Suid-Afrika was die eerste wat munisipale status ontvang het?	*Antwoord*: Beaufort-Wes.
Vraag: Twee diamante, die Ster van Suid-Afrika, 33½ karaat, en Eureka 21¼ karaat, is op ’n onbekende plek by die dorp aan die Oranjerivier ontdek. Vandag is daar geen delwerye nie. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Hopetown.
Vraag: By die plek bekend as Drie Susters, vurk die N1 van Kaapstad na die noorde. Een roete gaan oor Bloemfontein en ander oor Kimberley. Waaraan het die plek sy naam te danke?	*Antwoord*: Drie eenders koppe.
Vraag: Waar was die eerste vliegskool in Suid-Afrika in 1912 met een handgemaakte vliegtuig wat uit Engeland verkry is, gestig?	*Antwoord*: Kimberley.
Vraag: Die naam beteken “Plek van die Leeu”. By die kalkgroewe is die skedel van ’n Aapmens in 1924 gevind. Wat is die plek se naam?	*Antwoord*: Taung. (Tussen Vryburg en Kimberley) Die Blougat, ’n diep waterpoel is ook daar naby.

Vraag: Watter dorp/stad het die eerste elektriese straatligte in Suid-Afrika gekry?	*Antwoord*: Kimberley.
Vraag: Mafikeng is aangelê na die Britse besetting van ’n gebied wat Rooigrond as hoofstad gehad het. Wat was die gebied se naam?	*Antwoord*: Goshen. Ook bekend as die Land van Goosen.
Vraag: Hierdie dorp was eers die hoofstad van ’n onafhanklike gebied. Die dorp het besonder breë strate. ’n Boom waar wetsoortreders opgehang is, staan vandag nog in die hoofstraat. Dit was ook die eerste dorp noord van die Oranjerivier. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Griekwastad.
Vraag: Beaufort-Wes was vroeër jare begroei met peerbome en omdat die dorp meer as 150 mm reën per jaar kry, is des jare na die dorp in die Karoo verwys as wat?	*Antwoord*: Oasisdorp.
Vraag: Cecil John Rhodes het in 1881 die moontlikheid van ’n besproeiingskema geïdentifiseer. Daar is eers in 1933 daarmee mee begin en toe was dit die tweede grootste in die wêreld. Wat is die naam van die besproeiingskema?	*Antwoord*: Vaalharts. Die grens tussen die destydse Transvaal en Kaapprovinsie loop deur Jan Kempdorp.

Vraag: Hierdie dorp se gemiddelde temperatuur in die winter is -6,1°C en dit is die hoof sterrewagsentrum in Afrika. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Sutherland.
Vraag: Waar het mens die enigste inrykroeg in die wêreld gekry?	*Antwoord*: Halfway Hotel, Kimberley. (Volgens Google bestaan dit nog)
Vraag: Soutpan was eens Suid-Afrika se grootste soutvoorsieningsarea en is naby die plek waar ’n bloedige geveg tussen Boesmans en Hottentotte in 1775 plaasgevind het. Dit is toe Go-Koo-Lume genoem. Dit beteken “geen genade betoon”. Wat is die dorp se naam vandag?	*Antwoord*: Douglas.
Vraag: Iewers in die Karoo is ’n uitsonderlike fenomeen wat as gevolg van die uitsonderlikheid van die vallei of vlakte geheel as ’n Nasionale Monument verklaar is. Wat is die naam daarvan?	*Antwoord*: Vallei van Verlatenheid. Naby Graaff Reinet.
Vraag: Die Londense sendinggenootskap het in 1814 ’n sendingstasie vir Hottentotte wat uit hul gebied verdryf is, begin. Weens droogte ontruim hulle die plek. Die Roomse Kerk het dit weer in 1878 begin. Die kerk is eiehandig deur die eerste twee priesters gebou. Die plek is vernoem na ’n Bybelse plek in Macedonië. Wat is die naam daarvan?	*Antwoord*: Pella. Daar word vandag veral dadels gekweek.

Vraag: Wat is die naam van die dorp waarvan die naam “Plek van baie klippe” beteken?	*Antwoord*: Mafikeng.
Vraag: Twee Rivieren is die hoofsetel van ’n nasionale park van 1 miljoen hektaar. Die riviere Nossob en Auob vloei (droog) deur die park. Wat was die park se naam voordat dit saamgesmelt het met nog ’n deel wat die park nou ’n internasionale park maak?	*Antwoord*: Kalahari Gemsbok Nasionale Park. Nou die Kgalagadi-oorgrenspark.
Vraag: Klaas Lucas, die Hottentot kaptein, was eers ’n rower wat tot inkeer gekom het en toe gevra het dat ’n sendeling na sy mense gestuur moes word. Eerwaarde Schroeder het ’n sendingstasie begin waar vandag baie vrugte gekweek word. Die sendingstasie het tot ’n dorp ontwikkel. Die Hottentotnaam beteken “swak weiding”. Wat is die naam van die dorp vandag?	*Antwoord*: Kakamas.
Vraag: John Derbyshire het met ’n unieke 3-wiel rytuig van Knysna na Kimberley gery. Die rytuig is vandag in die Groot Gatmuseum in Kimberley te sien. Watse rytuig was dit?	*Antwoord*: ’n Windaangedrewe driewiel.
Vraag: Hoe is Kimberley se diamante ontdek?	*Antwoord*: Diamante is in die mure van die plaashuis, Bultfontein gevind. Delwers het die huis afgebreek, kleims uitgemeet en begin delf. Hulle het agtergekom dat die sand wat vir die bou van die plaashuis gebruik is, van ’n koppie af gekom het. Hulle het daar begin delf en diamante gevind.

Vraag: Hoekom is die Noord by Aliwal-Noord se naam gevoeg?	*Antwoord*: Mosselbaai sou Aliwal genoem word. Omdat hierdie Aliwal verder noord is, is die Noord bygevoeg. (Aliwal is genoem na sir Harry Smith se oorwinning oor die Sikhs te Aliwal in Indië.)
Vraag: Eerwaarde Olivier het ’n dorp gestig waar daar mettertyd ’n kaasfabriek opgerig is wat tot 20 miljoen kilogram kaas en ander melkprodukte vervaardig. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Reivilo. Sy van omgekeerd.
Vraag: Kuruman het ’n natuurwonder bekend as Die Oog. Wat is dit?	*Antwoord*: Dit is ’n fontein wat 20 miljoen liter water per dag lewer en die oorsprong van die Kurumanrivier is.
Vraag: In Fraserburg is ’n seskantige gebou wat al as munisipale kantoor, magistraatskantoor en as kerk gebruik is. Oorspronklik was dit die markmeester se kantoor. Wat is die naam van die gebou?	*Antwoord*: Peperbus of ook genoem Pepper Box.
Vraag: Die dorp in die Stormberge het ’n blokhuis wat gedurende die Anglo Boere Oorlog deur die Engelse gebou is en Brandwag genoem word. Dis die enigste blokhuis met ’n naam. In watter dorp is die blokhuis?	*Antwoord*: Burgersdorp.

Vraag: Die dorp is rondom ’n seshoek uitgelê vanwaar die dorp se verdediging gedoen kon word. Vandag is die Heksagon met sy fonteine en tuine die stadsentrum. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Queenstown. Die dorp het nou ’n nuwe naam, naamlik Komani.
Vraag: Binne die dorpsgebied is daar 110 kilometer spoorlyne. Spoorlyne van Wes- en Oos-Kaap, Transvaal en Namibië ontmoet daar. Die dorp het ook die 2de grootste rangeerwerf in Suid-Afrika gehad. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: De Aar.
Vraag: In watter dorp word Rooibostee verwerk, verpak en vandaar wêreldwyd versprei?	*Antwoord*: Clanwilliam.
Vraag: Hoeveel watervalle ontstaan by die Augrabieswaterval as die rivier in vloed is?	*Antwoord*: Negentien.
Vraag: Deur wie is die Namakwalandse diamante ontdek?	*Antwoord*: Jack Carstens.

Vraag: Watter verbintenis het Kakamas met die vrugte inmaakbedryf in Suid-Afrika?	*Antwoord*: Die Collins of Kakamasperske, wat besonder groot, smaaklik en kleurvol is, kom daar vandaan.
Vraag: Wat vorm die suidelike grens tussen Suid-Afrika en Namibië?	*Antwoord*: Die Oranjerivier. Die grens is nie soos by die meeste ander lande in die middel van die rivier nie, maar wel die noordelike oewer.
Vraag: Wat het aanleiding gegee tot die naam van die Kokerboom?	*Antwoord*: Boesmans het die stam uitgehol en gebruik as kokers vir hul pyle.
Vraag: Tussen watter twee dorpe/stasies vind ons die langste reguit spoorlyn in Suid-Afrika?	*Antwoord*: Andalusia (Jan Kempdorp) en Dryharts (Vryburg)
Vraag: Naby watter dorp is die Kangogrotte?	*Antwoord*: Oudtshoorn, 30 kilometer en De Rust 40 kilometer

Vraag: Wat was die naam van die koppie waar diamante in Kimberley ontdek is? Die koppie is vandag ’n gat.	*Antwoord*: Colesbergkoppie.
Vraag: In 1931 het ’n gebeurtenis in Bitterfontein, waar die spoorlyn van Kaapstad na Namakwaland eindig, plaasgevind wat die polisie nooit kon oplos nie. Wat was dit?	*Antwoord*: £80 duisend (pond) (R160 000) se diamante het spoorloos uit ’n possak verdwyn.
Vraag: Watter verband is daar tussen sir Malcolm Campbell en Verneukpan?	*Antwoord*: Hy het in 1929 die landspoedrekord met sy Bluebird motor daar probeer verbeter.
Vraag: Die Hottentotte het die plek “Igaab ab” genoem wat plek van Buffels beteken. Wat is die stad se naam vandag?	*Antwoord*: Oos-Londen.
Vraag: Hoe het Grahamstad ontstaan?	*Antwoord*: Kolonel Graham het ’n verlate plaashuis gevind toe hy die oosgrens moes fortifiseer. Die huis is opgeknap en as offisiersmenasie gebruik. Mettertyd is nog huise gebou en die plek is later na Graham vernoem.

Vraag: Na hierdie dorp word verwys as stad van Skole, stad van Kerke, Slaapholte en Setlaarstad. Van watter plek word gepraat?	*Antwoord*: Grahamstad. Die naam is intussen verander.
Vraag: Die dorp op die walle van die Katrivier het ’n fort waar ’n kanon wat 360° kan roteer in ongeveer 1823 opgerig is. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Fort Beaufort.
Vraag: Die Glasgow sendinggenootskap het die Lovedalesending vir die inwoners van die Tyumerivier gestig. Die sendingstasie is twee keer ontruim, maar ’n dorp is later op die plek gestig. Daar was tot 1975 ’n Teologiese afdeling van Fort Hare Universiteit. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Alice.
Vraag: Die 1820 setlaars het ’n verbinding met die buitewêreld gesoek en toe by die mond van die Kowierivier ’n hawe met die naam Port Frances begin. Vandag is dit nie ’n hawe nie, maar ’n vakansieoord. Wat is die naam daarvan?	*Antwoord*: Port Alfred.
Vraag: Die dorp was bedoel as administratiewe hoofstad van die Setlaarsgebied, maar verloor die status aan Grahamstad. Dit is vandag een van die kleinste munisipaliteite in die land en die gebied waar die eerste pynappels gekweek is. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Bathurst.

Vraag: Hierdie vakansieoord is in die hart van die Amatolaberge naby Fort Mitchell, 'n grenspos uit 1850, en naby Gaikeskop, wat eens die blyplek van Boesmantoordokters was. Heelwat hotelle is by die bergoord Arnimel. Wat is die plek se naam?	*Antwoord*: Hogsback.
Vraag: By die dorp, waarvan die naam "Plek van klei" beteken, is die eerste heldedaad wat met 'n Victoriakruis vereer is, uitgevoer deur majoor Hans Garret Moore. 'n Gedenkteken langs die pad by Draaibosch wys die plek aan. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Komga.
Vraag: Die dorp is deur die Griekwas in Griekwaland-Oos by berg Currie aangelê en is die hoofdorp van daardie gebied. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Kokstad.
Vraag: Die fort is in 'n ster vorm gebou en het die Fingo's teen die Xhosas beskerm. Die Fingo's is later hervestig. Die melkboom waar hul trou aan God en die Koning gesweer het, staan nog in die dorp. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Peddie.
Vraag: Wat is die naam van die rivier wat in die Oos-Londen hawe uitmond?	*Antwoord*: Buffelsrivier. Die Hottentotsnaam is Igaab.

Vraag: Nadat Duitse soldate in die omgewing van Oos-Londen gevestig is, is ’n interessante en baie welkome skeepsvrag vanaf Engeland daarheen gestuur. Wat was dit?	*Antwoord*: Eenhonderd sewe-en-vyftig (157) Ierse meisies.
Vraag: Die dorp is in 1835 as die militêre sentrum vir die gebied tussen die Keiskama en Groot Visrivier gestig en het later die hoofstad van Brits Kaffraria geword. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: King Williams Town.
Vraag: Twee kilometer buite Bathurst is Thornrigde. Wat is so interessant van die plek?	*Antwoord*: Jacob Cuyler, wat plase aan die Setlaars toegeken het, het op ’n kop gestaan en hulle beduie waar elkeen se stuk grond was. In 1968 is ’n toposkoop (’n merker – gewoonlik by die hoogste punt in die gebied – wat in die rigting van belangepunte wys) daar opgerig rondom ’n baken van 1859 met 57 bronsplate wat die plase aandui.
Vraag: In 1857 het soldate uit die Brits-Duitse legioen na die 7de Grensoorlog hulle in daardie omgewing gevestig en ’n dorp gestig. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Berlin.
Vraag: In hierdie museum word 25 000 voorbeeld van Afrikadiere, onder andere Huberta die seekoei en die grootste kameelperd – 5,67 meter – gehou. Wat is die naam van die museum wat in die ou stadsaal van King Williamstown gehuisves word?	*Antwoord*: Kaffraria Museum.

Vraag: Die dorp se naam is uit die Bybelse Psalm 76 geneem omdat die inwoners godvresend was. Die kerk was op 'n stadium selfs as 'n fort gebruik. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Salem.
Vraag: Oos-Londen het drie strande. Noem hulle.	*Antwoord*: Nahoon, Orient en Oostelike
Vraag: Naby Cradock is 'n Nasionale Park. Wat is die park se naam?	*Antwoord*: Nasionale Bergkwaggapark.
Vraag: Suid-Afrika het net een rivierhawe. Wat is sy naam?	*Antwoord*: Oos-Londen.
Vraag: Die Oos-Londen Museum het moontlik die grootste natuurlike historiese versameling. In 1938 is een bygevoeg wat die eerste is wat gevind is nadat net fossiele voorheen opgespoor is. Wat is dit?	*Antwoord*: Die Koelekantvis. Was onder die indruk dat die vis uitgesterf het. Onlangs is nog een gevind.

Vraag: Vanaf die dorp is die pad na Naudesnek oor die Drakensberg en dit is die hoogste pad in Suid-Afrika. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: McClear. Vernoem die die amptelike sterrekundige aan die Kaap (van 1833-1879).
Vraag: Wat is die naam van die tonnel wat water aan die Visriviervallei voorsien. Die tonnel is 82 kilometer lank en die langste besproeiingstonnel in die suidelike halfrond.	*Antwoord*: Oranje-Vistonnel.
Vraag: Waar is die suidelikste punt van Suid-Afrika – ook van Afrika?	*Antwoord*: L'Agulhas. Die naald van 'n kompas wys N sonder magneetvelde. Struisbaai is die dorp daar naby.
Vraag: Watter twee seestrome kom by Kaap L'Ugulhas bymekaar.	*Antwoord*: Warm Agulhas en Koue Benguela
Vraag: Wat is die sogenaamde 12 Apostels by Kaapstad?	*Antwoord*: Rotspunte aan die suidelike kant van Tafelberg.

Vraag: Wat is die naam van die bekende Nasionale Botaniese tuin in Kaapstad?	*Antwoord*: Kirstenbosch.
Vraag: Wat is die naam van die bad in Kirstenbos Nasionale Tuine in Kaapstad?	*Antwoord*: Lady Ann Barnard. ’n Bekende dame aan die Kaap in 1800s
Vraag: Wat is die naam van die rivier/pas/ravyn wat met die langste boogbrug in Afrika oorspan word?	*Antwoord*: Van Stadensrivier.
Vraag: Waar is die Vader Tydmonument?	*Antwoord*: Langenhovenhuis te Oudtshoorn.
Vraag: Waar staan die standbeelde van Johan en Maria van Riebeeck?	*Antwoord*: Adderleystraat, Kaapstad.

Vraag: By watter baai in die Kaapse Skiereiland is mangaan vroeër ontgin en vandaar verskeep?	*Antwoord*: Houtbaai.
Vraag: Wat is die naam van Simon van der Stel se bekende plaas en waarvoor is die plaas vandag bekend?	*Antwoord*: Groot Constantia. Landgoedwyn, veral rooi.
Vraag: Waarvoor het Jan van Riebeeck Robbeneiland gebruik?	*Antwoord*: Om beeste en skape aan te hou. Die inboorlinge het te veel gesteel.
Vraag: Waar staan die oudste kerk in Kaapland?	*Antwoord*: Paarl. Strooidakkerk.
Vraag: Naby Gansbaai is ’n plek waar onderaardse strome poele in grotte maak waar ’n mens kan swem. Wat is die naam van die vakansieoord daar?	*Antwoord*: Die Kelders.

Vraag: Reg voor die Kaapstadse stadsaal is ’n oop stuk grond wat destyds vir militêre doeleindes gebruik is. Wat is die naam daarvan?	*Antwoord*: Die Parade.
Vraag: Wat was Tafelberg se eerste naam?	*Antwoord*:
Vraag: Wat is die goewerneurswoning in die Kasteel se naam?	*Antwoord*: De Kat.
Vraag: Waar is die Franse Hugenotemonument?	*Antwoord*: Franschoek. Bopunt van Hugenoteweg.
Vraag: Daar is drie Kramatte rondom Kaapstad. Waar is hulle?	*Antwoord*: Robbeneiland. Eersterivier/Faure. Seinheuwel.

Vraag: Hoe ver uit op see is Tafelberg sigbaar?	*Antwoord*: 200 kilometer.
Vraag: Arniston het sy naam gekry na aanleiding van ’n skip wat daar gesink het. Dit is ook bekend onder ’n ander naam. Wat is daardie naam?	*Antwoord*: Waenhuiskrans.
Vraag: Wat is die naam van die pad deur die Swartberge waar die pad dieselfde rivier 26 keer kruis?	*Antwoord*: Meiringspoort.
Vraag: Wat was Sir Lowryspas se eerste naam? Naam beteken “pad van elande”.	*Antwoord*: Grandoupas. Dit is ook deur wild gebruik om oor die berg te gaan.
Vraag: As gevolg waarvan is Wemmershoekdam uniek?	*Antwoord*: Die dam het ’n grondwal. 307,5 hektaar. Die vallei, wat deur die familie Wemmer bewoon was, is vandag onder water.

Vraag: Die Versveldpas is privaat deur ’n boer tot bo-op die berg waar Hottentotte vroeër vee weggesteek het, gebou. Vandag word daar vrugte, veral appels en pere geproduseer, asook boegoe vir medisinale gebruik. Zebrakop is die hoogste spits – 1 443 meter. By watter dorp is die pas?	*Antwoord*: Piketberg.
Vraag: Noem van die interessanthede van die Sederberge?	*Antwoord*: Die Sederboom groei net bokant 1 000 - 1 500 meter. Blykbaar 1 000 jaar oud. Oorsprong van die Jan Disselsrivier. Kristalpoele. Sneeuberg. Langberg. Bekend vir rotsformasies soos Wolfberg-rotsboog, die Maltese Kruis en die betowerende Stadsaalgrotte.
Vraag: Die berge, klowe en grotte was gewild by drosterslawe. Vandag bevat die Botaniese tuin moontlik die grootste verskeidenheid blomplante. Die plekkie is naby Hangklip en vernoem dat die dogter van die dorpsontwikkelaar. Hoofsaaklik gewild by vissermanne. (’n Voormalige eerste minister van Suid-Afrika het daar ’n huis gehad.) Wat is die naam van die dorpie?	*Antwoord*: Bettiesbaai.
Vraag: Die dorpie het sy ontstaan te danke aan die vestiging van ’n Morawiese sendingstasie in 1824. Die oudste watermeul in Suid-Afrika is daar. Gedroogde fynbosblomme word oor die afgelope 150 jaar van daar na Europa uitgevoer. Daar word ook vrugte en groente verbou. Wat is die naam van die dorp?	*Antwoord*: Elim.
Vraag: Waar sal u die Tweeling- en Haelkopbergspitse aantref?	*Antwoord*: Jonkershoek, Stellenbosch.

Vraag: Dit is ’n grot naby Arniston wat bekend is daarvoor dat die sogenaamde Seeboontjie daar binne aangetref word. Tydens laagwater kan die grot besoek word. Wat is die naam daarvan?	*Antwoord*: Waenhuiskrans.
Vraag: Die area se naam was eers Haasvlakte. Aan die begin van 1900 het ’n seker man met naam Rigg ’n kanaal gebou en klein plasies verkoop. Met verloop van tyd het die naam in die volksmond verander en nog later is dit as een woord uitgespreek. Verkeerdelik word gedink dat die naam afgelei is van Mooivallei. Wat is die naam vandag?	*Antwoord*: Bonnievale. (Bonnie – Haas.)
Vraag: Hoe het Hottentots-Holland aan sy naam gekom?	*Antwoord*: Blanke intrekkers het ’n Hottentotstam daar ontmoet. Hulle was so beïndruk met die gebied wat hulle aan hul tuisland herinner het. Toe koop hulle die grond vir R1 500 en noem dit Hottentots-Holland.
Vraag: Die Hottentotvroue het deur die kloof van die Klein Karoo na die sogenaamde Duineveld geloop om heuning te gaan haal. (In die omgewing van Zuurbraak en Barrydale) Vandag is daar ’n pas met die naam wat beteken “Pad van die Vrou”. Wat is die pas se naam?	*Antwoord*: Tradouwspas. (Gedurende WO2 het ’n Duitser daarvandaan uitgesaai.)
Vraag: Vroeë inwoners het na die berg verwys as “Skilpadberg”. Drie van die groot granietuitsteeksels is vandag onder name bekend. Silwerblaarbome is redelik volop teen die berg. Wat is die berg se naam?	*Antwoord*: Paarlberg. Drie granietkoppe: Gordon- Paarl- en Bretagne rotse.

Vraag: Watter bergpas het Thomas Bain met die hulp van gevangenes tussen Prins Albert en Oudshoorn gebou?	*Antwoord*: Swartbergpas.
Vraag: ’n Rynse sendingstasie is deur Louis Leipoldt se pa in die Sederberg gestig wat vandag algemeen bekend is vir, onder andere, hulle velskoene. Wat is die naam?	*Antwoord*: Wuppertal.
Vraag: Naby Vanrhynsdorp is twee bergreekse met besonderse rotsformasie en bekend vir hul veldblomme. Wat is die name van die bergreekse?	*Antwoord*: Matzikama en Gifberg.
Vraag: Die spoorlyn van Kaapstad na Port Elizabeth gaan deur die Swartberge deur ’n poort. Daar is ’n warm waterbron – water is 40°C – en soms ontsnap gasse daaruit wat ontbrand en spookagtige vlamme maak. Dit het tot die naam van die poort bygedra. Wat is die naam van die poort?	*Antwoord*: Toorwaterpoort.
Vraag: Die dorp, wat oorspronklik net ’n stasie was, se naam was Roodewal. Die Engelse stasiemeester het die naam verander, vermoedelik omdat hy met die uitspraak gesukkel het. Wat is die dorp se naam vandag?	*Antwoord*: Ashton.

Vraag: Die Algerië bosboustasie is in die vallei van die Rondegatrivier. In watter bergreeks is dit geleë?	*Antwoord*: Sederberge.
Vraag: Hierdie dorpie is ’n spoorwegdorp waar treinpersoneel omruil. By die Douglas Hotel, wat van die nasionale pad sigbaar is, is twee betonpilare waarop sterrekundige instrumente in 1882 gemonteer is om die verby beweeg van die planeet Venus te besigtig. Die afstand tussen die Son en die Aarde kan ook gemeet word. Die pilare is ’n historiese monument. Wat is die dorpie se naam?	*Antwoord*: Touwsrivier.
Vraag: Een van die weinige grotte wat ’n Nasionaal Historiese monument is, se muur is as ’n soort besoekersboek gebruik met inskrywings so vroeg as 1712 – Slotsbo se naam. Na die rotsskuiling is ook verwys as “Heere Losies”. Wat is die naam vandag?	*Antwoord*: Heerenlogement.
Vraag: Die naam was eers Limietvallei – beperking van beskawing na die binneland. Daar het ’n wamakersbedryf ontstaan toe diamante in Kimberley ontdek is. Die eerste Onderwyskollege is ook daar gestig. Wat is die dorp se naam?	*Antwoord*: Wellington. Die suidelikste blokhuis van die Anglo Boere Oorlog is daar.
Vraag: Naby watter dorp is ’n blokhuis wat gedurend die Anglo Boere Oorlog die verste suid opgerig is?	*Antwoord*: Wellington.

Vraag: Dit is die dorp van dokter P la Fras Nortier en C Louis Leipoldt, asook sitrusprodukte en rooibostee, asook een van die min wilde blommereservate in SA, naamlik Ramskop. Van watter dorp praat ons hier?	*Antwoord*: Clanwilliam.
Vraag: Wat is so interessant van die Strandgebied in Kaapstad?	*Antwoord*: Dit is ’n 45 hektaar drooggelegde gebied en bekend as Strandgebied.
Vraag: Bobbejaanberg en Bobbejaanpunt is net suid van die baai. Groot rotsskuilings met Boesmantekeninge kom hier voor, terwyl die vloere van die skuilings baie prehistoriese afvalmateriaal bevat. By watter baai is die rotsskuilings?	*Antwoord*: Elandsbaai.
Vraag: Wat is die naam van die baai waar Portugese en Hollandse seevaarders skape en beeste by die plaaslike bevolking geruil het.	*Antwoord*: Vleesbaai.
Vraag: Langs die hoofspoorlyn van Kaapstad na die Noorde het Logan, ’n Skot, water aan die spoorweë verkoop. Hy het ’n hotel daar opgerig en ander geboue het gevolg. Hoewel die plek vandag baie bekend is, het dit nooit tot ’n dorp ontwikkel nie. Wat is die naam van die plek?	*Antwoord*: Matjiesfontein. Daar word beweer dat die eerste krieketwedstryd in Suid-Afrika daar gespeel is.

Vraag: Blankes het die pas wat deur Bain gebou is, vernoem na ’n Hottentotstam, Koekoemans, wat daar rond gewoon het. Een van die suidelikste forte is gebou op Kalkoenkrans, reg bo die pad waar dit met ’n tonnel deur berg gaan. Wat is die naam van die kloof?	*Antwoord*: Kogmanskloof naby Montagu in die Klein Karoo.
Vraag: By die dorp wat deur ’n koloniale sekretaris gestig is, is ’n warmwaterbron waar die water ’n temperatuur van 50°C het. Wat is naam van die dorp wat ook bekend is vir vrugte, druiwe en mos?	*Antwoord*: Montagu.
Vraag: Bo-op Tafelberg is Mclearsbaken. Wat is dit?	*Antwoord*: Een van drie bakens om Suid- Afrika om die land te kan opmeet.
Vraag: Hermanus is ’n gewilde vakansieoord maar ook bekend vir ’n besonderse toeriste aantreklikheid wat soms daar in die see voorkom. Wat is dit?	*Antwoord*: Walvisse wat naby die kus kom.
Vraag: Oupos was ’n militêre basis naby Langebaan. Die pad daar verby eindig by Donkergat. Wat is, of eerder, was Donkergat?	*Antwoord*: Dit was ’n Walvisstasie.

Vraag: Voëleiland waar elke jaar ± 300 ton Gwano ge-oes word, beskerm eintlik die vissershawe. Dis aan die Weskus. Wat is die naam van die hawe?	*Antwoord*: Lambertsbaai.
Vraag: Die sogenaamde Saldanhaman is in 1953 gevind. Daar word beweer die fontein daar was die woonplek van prehistoriese mense en diere. Fossiele van mense en werktuie en uitgestorwe diere is daar gevind. Wat is die naam?	*Antwoord*: Elandsfontein.
Vraag: ± 10 kilometer buite Bredasdorp, op pad na Arniston, is 'n unieke Nasionale gedenkwaardigheid. Wat is dit?	*Antwoord*: 'n Deel van die geskiedkundige omheining van die Bontebok Nasionale Wildtuin is van skeepsrelings gebou.
Vraag: Op die N 1 van Kaapstad na die noorde vind mens die eerste blokhuis langs die pad waar die pad die Buffelsrivier kruis. In 1981 was die dorp in die nuus na aanleiding van oorstromings. Naby watter dorp is dit?	*Antwoord*: Laingsburg.